# AWB kaap KP/HNP

RAPPORT 31-05-1986

AA 1156
56

**Deur FRANZ KEMP en JACQUES PAUW: Pretoria**

TWEE boodskappe is gister met die viering van Republiekdag die wêreld ingestuur.

Die AWB – wat klaarblyklik die regse politieke aksie gekaap het – het by Monumentkoppie die skare opgesweep met slagspreuke en militarisme om 'n romantiese "Boere-verlede" te laat herleef (kyk berig op bl. 5).

Daarteenoor het die Staatspresident, mnr. P.W. Botha, op Stalplein in Kaapstad gepraat van vryheid, geregtigheid en gemeenskaplike belange wat nagestreef moet word, en dat groepe in Suid-Afrika moet wegstuur van enige vorm van oorheersing (kyk berig op bl. 5).



MET AWB-vlag in die een hand en gasmasker op die kop het dié AWB-ondersteuner gister by die Monumentkoppie opgedaag. **Foto: NATO BARNARD**

Die regse politieke groepe het met die byeenkoms op Monumentkoppie gepoog om hul eenheid te konsolideer teenoor die hervormingspolitiek van die Regering. Ná verskeie weke van politieke skermutselinge is dit duidelik dat die konfrontasie in die Afrikaner-politiek finale beslag begin kry.

Die houding van die Regering – soos blyk uit uitsprake van die afgelope week – is dat geen kompromis met hierdie groepe slagspreuke wat teruggryp na die verlede nie.

Die grootste regse magsvertoon wat Suid-Afrika nog gesien het, is gister deur die land se vier groot regse groepe by die Voortrekkermonument gedemonstreer.

Die leier van die Afrikaner-Weerstandsbeweging, mnr. Eugène Terre'Blanche, het terselfdertyd sterk op die voorgrond getree as die regses se 'onbetwiste held van die oomblik.

Ondanks beloftes vroeër in die week deur prof. Carel Boshoff van die Afrikaner-Volkswag dat dit 'n stil fees trek sommer met die intrapslag van die eerste spreker, dr. Andries Treurnicht, ontaard in 'n opswepende, politieke magsmonstering.

Die ander sprekers was mnr. Jaap Marais van die HNP, mnr. Terre'Blanche en prof. Boshoff.

Dit was "die dag van die vlag". Die skare wat konserwatief op tussen 15 000 en 20 000 geraam word, het met oorgawe die Nazi-agtige rooi-en-swart AWB-vlae en ook die ou Transvaalse Vierkleur geswaai.

Hulle het uit al vier provinsies na die Monument opgetrek – baie is met busse aangery.

Minstens twintig TV-spanne, die meeste uit die buiteland, en 'n horde pers- en radiomanne het die saamtrek teen die hange van Monumentkoppie bygewoon.

Mnr. Terre'Blanche het afsonderlik ná die ander drie aangekom en is begelei deur 'n erewag van jongmense in kakieklere, almal lede van die Boere-Brandwag. Ná sy emosiebelaaide toespraak het 'n groot deel van die skare geloop sonder om eers na die laaste spreker, prof. Boshoff, te luister.

Dr. Treurnicht en mnr. Marais se toesprake het ook 'n militante kleur gehad toe hulle van die Afrikaner se "vryheidstryd" gepraat het.

Die eerste tekens van die nuutgevonde eenheid tussen die vier groepe het gekom van dr. Treurnicht toe hy reg in die begin sê die wit volk snoer nou sy magte saam in die stryd om oorlewing.

Mnr. Terre'Blanche het Woensdagaand op Westonaria, naby Krugersdorp, die sluier oor die beoogde samewerking tussen die regses gelig.

Hy het gesê dat die regses voortaan as een groep aan algemene verkiesings sal deelneem en daarmee hoop om die plattelandse setels in Transvaal en die Vrystaat in te palm. Daarna sal die regse LP's die selfbeskikking van die witman by die Regering afdwing.

**Collection Number: AK2117**

**DELMAS TREASON TRIAL 1985 - 1989**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-***Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-***Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.